

**24 Julie**

**Hosea 11**

(Teks: 11:8)

***God se liefde wat brand maak ons ook brandend van liefde***

Hoe sterk kan die liefde van 'n vader vir sy seun nie wees nie? God is vir Israel soos 'n Vader. Op sy beurt is Israel God se geliefde seun, 'n ongehoorsame seun wat alleen behoue bly deur die liefde van die Vader.

Die verhaal vertel die hele verloop van die Vader se verhouding met sy kind; hoe hy die eerste baba treetjies meegemaak het en bystand gegee het elke keer as hy seerkry. Die Here het hierdie kindjie self in Egipte gaan haal en van die slawejuk bevry.

Die Vader verwag nou niks anders as wederliefde nie. Die kind moet die hand wat hom voed raaksien en die arm wat hom vertroos vashou. Dit het die Here nie gekry nie. Die kind word skuldig bevind en die straf is verbysterend: 'n Seun wat nie na sy pa en ma wil luister nie moet buite die stadspoort geneem word om daar gestenig te word (Deut. 21:18 ev).

Dis waar God se brandende liefde vir ons na vore kom. Ons hemelse Vader moes ons met die dood straf, maar hy gee sy eie Seun Jesus Christus om buite die stadspoort op Golgota doodgemaak te word.

Sy hart skeur nog daagliks as ons in moeilike beproewings en versoekings vasgevang word. Wanneer Hy ons daardeur laat gaan is dit omdat dit so goed is vir ons.

Die uiteinde is: Sy liefde wek by ons wederliefde. Hy sorg dat Hy daardie wederliefde van ons kry. Daarvoor maak Hy ons lewens deur sy Gees splinternuut. Ons ontvang van Hom 'n nuwe lewe om te antwoord op sy liefde.

Sing Psalm 18:1 en 14Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Moorivier)